SUBTIELE INFILTRASIE VAN DIE OKKULTISME

Sedert die vroegste tye word die mens deur die verborge aangetrek. Die beoefening van verskeie okkultistiese (verborge) praktyke wat sy oorsprong in die wieg van die beskawing het, het vanaf Babel en die Babiloniërs gelydelik die ganse wêreld oorspoel. Die Babiloniërs was kenners van die sterrekunde wat destyds die moderne astronomie (sterrekunde, ’n wetenskap) en astrologie (’n okkultiese praktyk) as ’n gekombineerde praktyk beoefen het. Aanbidding van die hemelliggame was deel van hulle godsdiens. Die onlangse dreigement van hedendaagse astroloë oor die vyf planete wat in lyn was het soos sovele van hulle voorspellings van die verlede maar net weer bewys dat die Bybel reg is oor hierdie en ander deur-God-verbode-praktyke (Deut 18:9-14): *"Gaan maar aan met jou beswerings en jou baie toordery waarmee jy jou van jongs af al ophou. Dalk bereik jy iets daarmee, dalk skrik jy jou vyande daarmee af! Jy het jou moeg gemaak met jou baie voortekens. Laat jou voorspellers nou optree, laat hulle jou help, hulle wat die hemel opdeel en die sterre bekyk, hulle wat elke maand bekend maak wat oor jou gaan kom. Maar hulle het soos stoppels geword, hulle gaan verbrand. Hulle kan hulleself nie red van die vlamme nie. Daar bly nie eers kole oor om jou by warm te maak nie, ’n vuur om by te sit nie. Dit is wat jy het aan die wat jy jou mee ophou, met wie jy jou van jongs af inlaat. Hulle het almal gedwaal, daar is niemand wat jou kan red nie." (Jes 47:12-15)*

Die esoteriese was nog altyd vir die sodanige uitverkorenes beskore. In die Babiloniese, Egiptiese en ander vroeë beskawings was hierdie kennis beperk tot die priesters, die uitverkorenes, met natuurlik die hoëpriester as dié een met al die kennis in pag. Hierdie aspek is ook byvoorbeeld deel van Vrymesselary—’n gelydelike inlating en openbaring van meer kennis en "lig" namate die Vrymesselaar deur die verskillende grade vorder. Of hy en ander beoefenaars van geheime praktyke ooit die sogenaamde volle waarheid gaan ontdek bly natuurlik ’n ope vraag en debateerbare punt.

Die Bybel stel dit duidelik dat die mens hom wend tot die aanbidding van die skepping eerder as die Skepper (Rom 1:25b). Volgens New Age en Oosterse godsdienste en filosofieë en daaruit voortvloeiende praktyke hierbo genoem is God slegs energie, die universiële bewussyn, die kosmiese bewussyn en dies meer. Taoiste, Chinese en Japanese ken dit as Ch'i, Ki of Qi, Hindoes as Prana, Anton Mesmer, vader van hipnotisme het dit "animal magnetism" genoem en die vader van homeopatie, Samuel Hahnemann, "vital energy". George Lucas van Star Wars-faam noem dit "The Force". Hierdie energie bestaan uit twee "pole" die positiewe/manlike/wit en negatiewe/vroulike/swart. Ons sien dit in die bekende yin/yang simbool. Dit staan ook as Shiva en Shakti in Hindoeïsme bekend. Volgens hierdie sienings kan daar nie net ’n Vader God wees nie maar moet daar ook ’n Moeder God wees, en die twee balanseer mekaar. Holistiese medisyne onder andere stel dat die makro kosmos in die mens verbeeld word as die mikro en so word die mens se liggaam (sy makro) weer in die mikro verbeeld in die oog (iridologie) die voet of hand (refleksologie) die oor (akupunktuur) ensovoorts. Hierdie energie vloei ook in twaalf denkbeeldige meridiane deur die mens se liggaam en enige kwaal kan behandel word deur net hierdie yin/yang, of watter begrip ookal daaraan gekoppel word, in balans te bring met byvoorbeeld akupunktuur, aura manipulasie of Reiki. ’n Ander belangrike aspek wat hiermee saamhang is dat die mens goddelik is, in werklikheid is hy God want God is in alles en alles is God. Die mens kan hierdie status bereik deur of meditasie, joga, reïnkarnasie of die toepassing van ander Oosterse metodes.

Nou kan mens al die reaksie van die aanhangers en verdedigers van die verskeie praktyke, wat hulle oorsprong in die Ooste het, of daaruit voortvloei, hoor. Holistiese medisyne, akupunktuur, homeopatie, refleksologie, Reiki, aura manipulasie, waterwysery, hipnose, joga—die hart van Hindoeïsme, meditasie, visualisasie, die mag van kristalle en dies meer, alles dinge wat ook deel uitmaak van die New Age filosofie, is maar sommige van hierdie praktyke wat moontlike negatiewe nagevolge op mense mag hê waaroor daar natuurlik hewig met Christene verskil sal word. Miskien vat Samuel Pfeifer, MD, dit vir

ons raak in sy *Healing At Any Price* van so lank gelede as 1988: *"The message of the Bible is clearly opposed to the philosophy of the New Age healing. Submitting to treatment on an Eastern basis or practising Eastern forms of meditation will probably not bring a person into direct contact with occult powers or even lead to possession. But there are other spiritual consequences which are at least as dangerous: the patient is spiritually turned around, opening himself consciously or unconsciously to the 'wine of prostitution' served by the 'whore of Babylon', as the Bible expresses itself drastically…Freedom from stress and disease is not salvation. Holistic Medicine is 'hollow-istic' treatment unless it deals with the root-cause of man's separation from God and offers the true solution for his problems. Only when a person confesses his sin, entrusts his life to Christ and finds the fulfillment of his needs in Him, will he truly live in harmony with God." (p.158)*

Vir inligting, hulp en toerusting oor kultes en dwaalleer kontak: KIES, Posbus 8009, Edleen, 1625, Tel/Faks: 011-394-3080, E-pos: kies_ciec@telkomsa..net.